- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Preke
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Potgooi van preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Bekendstellingsvideo
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boeke te koop
- Aanlynwinkel
- Registreer vir epos
- Search


# Hoofstuk van die dag: Matteus 13

> *Laat altwee saam groei tot met die oes. In die oestyd sal ek vir dié wat oes, sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind*

*dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring na my skuur toe. (vers 30)*

Jesus se dissipels was kriewelrig en selfs geïrriteerd met Jesus se hantering van mense. Hy was vir hulle gevoel net té sag, te genadig. Hulle sou wou sien dat Hy baie sterker en meer beslis optree teenoor goddelose mense.
Vandaar die gelykenis van die onkruid tussen die koring. Die feit dat die duiwel in hierdie wêreld aan die werk is, moet ons nie laat twyfel aan die werklikheid van God se regering nie. God is die boer, en dis sý saailand, Hý besluit wat daarin moet gebeur.
Vir ons gevoel is God 'n eienaardige boer. Murray Janson het hieroor gesê: God boer met genade. God wag met genade op die oes omdat Hy hoop dat die onkruid iewers voor die oes in koring sal verander. Ons koppe sê vir ons: dit kan tog nie. Maar God bemes die onkruid met genade op genade, en deur sy genade word doringbome sipresse, en "seuns van die donder" word apostels van die liefde. Selfs jy en ek kan anders word!

## Onlangse Bydraes


- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026